
# Groeiende Geloof



Saam in Christus

DeoGloria Leeming

# INHOUD


| | Bladsy |
|---|---|
| Inleiding | 5 |
| | |
| Inleidende aantekeninge oor die gelykenis van die Saaier | 7 |
| | |
| **Week 1: God se Woord op die pad** | |
| Persoonlike Studie | 9 |
| Groepbespreking | 17 |
| | |
| **Week 2: God se Woord op die klipperige grond** | |
| Persoonlike Studie | 23 |
| Groepbespreking | 27 |
| | |
| **Week 3: God se Woord tussen die dorings** | |
| Persoonlike Studie | 33 |
| Groepbespreking | 37 |
| | |
| **Week 4: God se Woord op goeie grond** | |
| Persoonlike Studie | 43 |
| Groepbespreking | 47 |
| | |

| | Bladsy |
|---|---|
| Inleidende aantekeninge oor 2 Petrus 1 | 51 |
| | |
| **Week 5: Goddelike krag om goddelike lewens te lei** | |
| Persoonlike Studie | 55 |
| Groepbespreking | 59 |
| | |
| **Week 6: 'n Oproep tot Godsvrug** | |
| Persoonlike Studie | 65 |
| Groepbespreking | 70 |
| | |
| **Week 7: Die resultaat van Godsvrug** | |
| Persoonlike Studie | 75 |
| Groepbespreking | 79 |
| | |
| Geheueverse | 83 |
| | |
| Bronne | 85 |
| | |

# INLEIDING

Geloof is 'n reis, waar die gelowiges beide nader aan God kom en in geestelike volwassenheid groei. Reeds van die begin van die Christendom af is die groei van geloof 'n vereiste. In 2 Tessalonisense 1:3 was Paulus verheug oor die feit dat die Christene in Tessalonika in hul geloof gegroei het.

Maar wat beteken dit regtig om in geloof te groei? Eenvoudig gestel, dit is om volwasse te word in kennis van God en hoe om godvrugtig te lewe, op so 'n manier dat geloof 'n uitwerking het en vrug dra. Uiteindelik is dit om meer soos Christus te word.

Wanneer ons ons geloof in Jesus stel, begin die Heilige Gees met 'n proses om ons meer soos Jesus te maak. Dit word geestelike groei genoem. Dit beteken dat ons geloof in Jesus nie 'n stilstaande gevoel of net sekere kennis is nie.  Dit is 'n lewende en groeiende liefde vir die Een wat ons gered het, sowel as 'n voortdurend veranderende lewe om meer en meer soos Jesus te word. Dit sal sigbaar wees in ons verhouding met God sowel as ons verhoudings met ander.

Om in geloof te groei, verg tyd en inspanning. God bewerkstellig uiteindelik die groei, maar tog verwag Hy van ons om Sy weë te volg en te streef na groei en om 'n oes te lewer.

In hierdie studie gaan ons tyd spandeer om ons eie geestelike groei te evalueer, maar ook om die areas te ontdek waarin Hy wil hê ons moet groei.

Om ons te help om ons eie geestelike groei te evalueer en te verstaan wat ons nodig het om in godsvrug te groei, gaan ons die gelykenis van die Saaier bestudeer soos ons dit in Matteus 13:1-21 vind, sowel as 2 Petrus 1:1-11.

Ons bid dat jy, terwyl jy hierdie studie doen, aangemoedig sal word om in jou geloof te groei.

***Soli Deo Gloria!***

# INLEIDENDE AANTEKENINGE OOR DIE GELYKENIS VAN DIE SAAIER

In sy evangelie het Matteus aangetoon dat Jesus Christus die ware Koning is. Hy wys ons daarop dat Jesus die gesalfde van God, die Messias, die Christus, die Koning, die Verlosser van die wêreld is. Jesus het gekom om Sy koninkryk te bring. Hy het 'n koninkryk aangebied. Hy het van die koninkryk gepraat. Hy het van die koninkryk geleer. En Hy het mense geroep om Hom as die Koning te erken.

Jesus was 'n dinamiese prediker. Mense het van oral gekom om na Hom te luister. Hulle het groot skares gevorm en almal het probeer om so na as moontlik aan Hom te kom. Teen die tyd dat ons Matteus 13 bereik, het Sy volk egter die koning verwerp en ook Sy koninkryk. In Matteus 13 is ons by 'n monumentale punt in die verlossingsgeskiedenis.

Op hierdie spesifieke dag was daar so ‘n groot skare mense dat Jesus in ‘n boot moes klim en hulle van daar moes aanspreek terwyl hulle van die strand af geluister het. Jesus het begin om die gelykenis van die saaier vir

hulle te vertel - Hy gebruik die beeld omdat die mense die gebruik goed ken.

In die Bybelse tyd het boere met die hand gesaai. Hulle het 'n sak saad in hul hande gedra of aan hulle lyf gebind en dan handevol oor die grond gestrooi waar hulle wou hê dit moes groei. Dit het beteken dat nie al die saad noodwendig in goeie grond sou val nie en dat die groei sou verskil afhangende van die verskillende tipes grond. Hulle het egter steeds gesaai met die verwagting om 'n veelvoudige oes te kry.

Het jy jousself al ooit afgevra waarom dieselfde boek of dieselfde preek by verskillende mense sulke verskillende resultate sal lewer?

In die gelykenis van die saaier praat Jesus oor verskillende soorte grond om ons te vertel waarom dit gebeur. Ons het almal areas in ons harte en gedagtes waar ons "grond" sag en ontvanklik is vir God, asook areas waar ons "grond" hard en minder ontvanklik is. Hierdie studie sal ons help om die soorte grond in ons eie geestelike akker te identifiseer.

Groeiende Geloof

Week 1

# God se Woord op die Pad

**Geheuevers:**

*Hulle by wie die saad op die voetpad gesaai is, is elkeen wat die boodskap van God se koningsheerskappy hoor, maar dit nie begryp nie. Die Bose kom en roof wat in hulle harte gesaai is.*

*Matteus 13:19*

Saam in Christus

DeoGloria Leeming

# PERSOONLIKE STUDIE

**Lees Matteus 13:1-23**

**INLEIDENDE OPMERKINGS:**

Soos ons gesê het, Jesus was ‘n dinamiese prediker en Hy het dikwels in gelykenisse geleer. Hy het gelykenisse gebruik om geestelike waarhede oor God se heerskappy en Sy koninkryk te verduidelik.

Gelykenisse is verhale of analogieë rakende mense of aktiwiteite wat die luisteraars ken. Dit bevat dikwels verrassende kinkels wat die luisteraars gehelp het om God se weë met die mensdom vanuit nuwe perspektiewe te verstaan.

**STUDIE VRAE:**

As jy deel was van die skare wat in Matteus 13 na Jesus geluister het, wat sou jou siening van Sy boodskap gewees het? Sou jy dit as 'n goeie preek beskryf het, of sou jy onseker gewees het oor die betekenis? Dink jy die gelykenisse is 'n effektiewe manier van onderrig?

________________________________________

________________________________________

In vers 9 spoor Jesus mense aan om te luister. Waarom dink jy het Hy gedink dat dit nodig is om die volk op te roep om op te let na wat hulle hoor?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Die dissipels het nie verstaan waarom Jesus gelykenisse gebruik om te onderrig nie. Waarom dink jy het Jesus met die mense in gelykenisse gepraat? Hoe sou jy Sy antwoord in verse 11-16 saamvat?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

In hierdie gelykenis, wie of wat word deur die saad voorgestel? Wie word deur die Saaier voorgestel? En deur die grond?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

In sy boek oor die gelykenisse van Jesus, “God se Prenteboek” (Das Bilderbuch Gottes), beskryf Helmut Thielicke die gelykenis van die saaier as die gelykenis van die viervoudige akker.

Watter verskillende soorte grond vind ons in hierdie gelykenis?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Die soorte grond verwys na die verskillende maniere waarop mense reageer op die boodskap oor die Koninkryk van God.

Verwys na vers 19. Watter tipe reaksie word voorgestel deur die saad wat langs die pad gesaai word?

________________________________________

________________________________________

Die pad waarna verwys word, is nie bedoel om saad te laat ontkiem nie, maar is bedoel vir reis. Dit is 'n stapplek vir mense, diere en voertuie. Die pad is vasgetrap en amper ondeurdringbaar. En niemand sal die pad verwyt dat dit hard is nie, inteendeel, dit is wat jy van 'n pad verwag. Waarom gebruik Jesus dit dan as voorbeeld van mense wat die Woord nie verstaan nie?

________________________________________

________________________________________

Dit is maklik vir ons om te dink dat hierdie beeld nie op ons van toepassing is nie, omdat ons nie so belangrik of invloedryk is nie. Maar pasop, daar word nie net na die hoofpaaie verwys nie, maar ook na die klein voetpaadjies.

Het die bose die mag om dit wat God gegee het, weg te neem? Onder watter omstandighede kry die Bose 'n kans in 'n persoon se lewe?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Watter waarskuwings vind ons in die volgende skrifverwysings?

| | |
|---|---|
| 2 Korintiërs 4:3-4 | |
| 2 Korintiërs 11:3-4 | |
| 1 Petrus 5:8 | |

**SLOTOPMERKINGS:**

Iemand wat soos 'n besige pad is waarop die daaglikse verkeer beweeg, en waarop daar nooit 'n oomblik se rus is nie, kan nie die ewige saad die kans gee om te ontkiem nie. Ons moet egter versigtig wees en verstaan dat ons soms almal deel uitmaak van hierdie groep.

Die Bose kan slegs dit wat God gegee het wegneem as die ontvanger nie veel omgee vir wat hy ontvang het nie. Satan kry 'n vatkans op 'n mens se lewe as jy God se greep verloor het, omdat hy fyn ingestel is op mense se innerlike ingesteldheid. As iemand byvoorbeeld kerk toe gaan sonder enige verwagting, sal Satan die boodskap in so 'n persoon se lewe baie maklik vervaag, of 'n onderonsie met 'n ander persoon uitlok, rusie veroorsaak, of tegniese probleme gebruik om irritasie te veroorsaak, ens.

Daarom moet ons seker maak dat ons bereid is om ten minste een keer per dag 'n akker te wees - 'n akker wat geploeg word en wag dat die Here in sy vore moet saai.

**GEBED:**

Het jy 'n mate van sagtheid in jou - 'n plek waar die saad van die Woord kan ontkiem?

Praat met Vader oor jou besig-wees. Vra Hom om jou te help om tyd saam met Hom te maak en in jou geloof te groei.

# GROEPBESPREKING

## Gebed

## Geheuevers:

*Hulle by wie die saad op die voetpad gesaai is, is elkeen wat die boodskap van God se koningsheerskappy hoor, maar dit nie begryp nie. Die Bose kom en roof wat in hulle harte gesaai is.*

*Matteus 13:19*

## Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

## Skriflesing:

Matteus 13:1-19

## Besprekingsvrae

Waarom dink jy kan sommige mense nie die eenvoudigste en mees voor die hand liggende geestelike waarhede begryp nie, terwyl ander daardeur verander word?

In vers 9 spoor Jesus mense aan om te luister. Waarom dink jy het Hy gedink dat dit nodig is om die volk op te roep om op te let na wat hulle hoor?

Bespreek die feit dat saad op die pad geval het. Dink jy dit is 'n effektiewe en ware beeld van wat kan gebeur as mense die Woord van God hoor? Hoekom?

Het die bose die mag om dit wat God gegee het weg te neem? Onder watter omstandighede kry die Bose 'n kans op 'n persoon se lewe?

## Toepassing van die teks

Moedig mekaar aan om die teks wat ons bestudeer het in ons lewens toe te pas. Deel en bespreek die volgende persoonlike vrae met mekaar:

Stem jy saam dat alle mense 'n sekere aspek van ‘n pad het in hul lewens? Is dit 'n permanente toestand of is dit net van tyd tot tyd?

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

Het jy 'n mate van sagtheid in jou - of slegs klipharde onkunde en ontkenning? Dink jy sagtheid is 'n noodsaaklikheid?

________________________________________________

________________________________________________

**Sluit af met gebed**

# Groeiende Geloof

## Week 2

# God se Woord op die Klipperige Grond

**Geheuevers:**

*Hulle by wie op klipperige grond gesaai is, is die mense wat die boodskap hoor en dit dadelik met blydskap aanneem. Maar hulle wortels gaan nie diep nie en hulle hou net vir ‘n rukkie. Sodra daar swaarkry of vervolging ter wille van die boodskap kom, struikel hulle in hulle geloof.*

*Matteus 13:20-21*

Saam in Christus

DeoGloria Leeming

# PERSOONLIKE STUDIE

**Lees Matteus 13:5-7; 20-21 en Markus 4:13-20**

**INLEIDENDE OPMERKINGS:**

Met die eerste oogopslag lyk dit of die tweede soort grond 'n bietjie beter is.

As hierdie mense die Woord hoor, is hulle opgewonde. Hulle praat van berou en is betrokke en entoesiasties. Hulle gee om vir ander en is baie gemotiveerd, maar net vir 'n rukkie. Die saad skiet nie wortel nie, want die grondlaag is maar dun - dit is net genoeg om die saad te laat ontkiem. Daarom duur hierdie geloof net 'n rukkie.

**STUDIE VRAE:**

Vers 20-21 beskryf die manier hoe die Woord deur die mense wat voorgestel word as die klipperige grond, ontvang word, deur die woorde: meteens en vreugde te gebruik. Wat leer hierdie woorde ons oor hul houding en ingesteldheid?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

In die klipperige grond kan die saad genoeg grond vind om te ontkiem en 'n plant te laat opkom, maar dit sal nooit 'n oes lewer nie. Kan sulke mense as Christene beskryf word? Motiveer jou antwoord.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Helaas, omdat hulle geloof nie diep wortels ontwikkel het nie, is dit dikwels van korte duur. Verwys na vers 21. Watter redes word gegee waarom hulle van die Christendom afvallig geword het?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Charles Spurgeon het 'n goeie punt gemaak toe hy gesê het dat die fout nie in die skielikheid van hul vermeende bekering lê nie. Baie skielike bekerings was van die beste wat nog ooit gebeur het. Die probleem was hul gebrek aan diepte.

Hierdie mense word dikwels aangetrek deur die voordele van die Evangelie, maar hulle is nie bereid om die

opofferings en ontberinge wat daarmee gepaard gaan te verduur nie.

Lees Matteus 5:11-12 en Hebreërs 12:4-11. Waarom word gelowiges aan beproewinge onderwerp?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Lees Jakobus 1:2-3 en Hebreërs 10:35. Wat moet die gelowiges se reaksie wees as hulle beproewinge verduur?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Hoe kan ons hierdie houding van klipperige grond in ons eie lewens vermy en dit in ander se lewens ontmoedig?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

**SLOTOPMERKINGS:**

Die klipperige grond laat nie die saad wortel skiet nie. Op dieselfde manier kan ons voorkom dat die Woord in ons

lewens wortel skiet deur dat ons net in ons eie persoonlike voorkeure en behoeftes belangstel.

In sy boek oor die gelykenisse van Jesus, “God se Prenteboek” (Das Bilderbuch Gottes), sê Helmut Thielicke: *“The Word of God is not a caress to the mind - it is a hammer that should strike the truth into us.”*

Om die Woord te hoor is nie genoeg nie. Dit moet wortel skiet in ons lewens en ons lewens verander. Dit moet vrug dra. As gelowiges moet ons egter verwag om probleme en vervolging in die gesig te staar. Dit is deel daarvan om ‘n volgeling van Christus te wees.

**GEBED:**
Is jy deel van die klipperige grond? Het jou geloof posgevat en dra jy vrug of was dit net 'n vlugtige vreugde wat vinnig verdwyn het?

Praat met Vader oor jou geloof.
Vra Hom om aan jou die toestand van jou geestelike lewe te wys.
Vra Hom om jou te help groei in jou geloof.

# GROEPBESPREKING

## Gebed

## Geheuevers:

*Hulle by wie op klipperige grond gesaai is, is die mense wat die boodskap hoor en dit dadelik met blydskap aanneem. Maar hulle wortels gaan nie diep nie en hulle hou net vir 'n rukkie. Sodra daar swaarkry of vervolging ter wille van die boodskap kom, struikel hulle in hulle geloof.*

*Matteus 13:20-21*

## Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

## Skriflesing:

Matteus 13:5-7; 20-21 en Markus 4:13-20

## Besprekingsvrae

Verse 20-21 beskryf die soort persoon wat klipperige of rotsagtige grond genoem word. Hoe sal jy dit in jou eie woorde beskryf?

Watter voorbeelde het jy gesien van mense wat so reageer? Bespreek 'n paar voorbeelde.

Hoe kan ons soortgelyke optrede in ons eie lewens vermy en dit in ander se lewens ontmoedig?

## Toepassing van die teks

Moedig mekaar aan om die teks wat ons bestudeer het in ons lewens toe te pas. Deel en bespreek die volgende persoonlike vrae met mekaar:

Stem jy saam dat alle mense sommige aspekte van klipperige grond het? Is dit 'n permanente toestand of is dit net van tyd tot tyd?

Kan jy 'n tyd onthou toe jy tipiese klipperige grond was vir God se boodskap? Deel met die groep.

Hoe beweeg jy van klipperige grond na in staat wees om vrug te kan dra?

**Sluit af met gebed**

# Groeiende Geloof

## Week 3

# God se Woord tussen die Dorings

**Geheuevers:**

*Daardie mense by wie tussen die dorings gesaai is, is hulle wat die boodskap hoor, maar die bekommernis van hierdie lewe en die verleidelikheid van die rykdom verstik die boodskap en dit bly sonder vrug.*

*Matteus 13:22*

Saam in Christus

# PERSOONLIKE STUDIE

**Lees Matteus 13:5-9; 23, Markus 4:18-19, Lukas 8:11-15 en Jeremia 4: 3-4**

## INLEIDENDE OPMERKINGS:

Die derde soort grond blyk vrugbare grond te wees, want die saad groei vir 'n langer tydperk as in die klipperige grond. Die probleem lê in die feit dat daar ander saad ook in die grond is. Die saad kan nie 'n oes lewer nie, want die plante word deur die dorings verstik.

## STUDIE VRAE:

Watter soort persoon beskryf die derde grondsoort in vers 22?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Watter voorbeelde gebruik Matteus om die 'dorings' in die veld te verklaar? Verduidelik dit in jou eie woorde.

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Lees Jeremia 4:3-4. Waarmee word die dorings in hierdie gedeelte vergelyk?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Dit is ongelooflik betekenisvol dat, benewens die werk van die duiwel en die bedreiging van vervolging, die bekommernisse van die lewe, rykdom en plesier, sulke sterk magte is dat dit kan voorkom dat mense Jesus volg.

Het jy al ooit op so ‘n manier met die kommer van die lewe, rykdom of plesier gesukkel dat dit jou van God af weggetrek het? Wat het gebeur?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Hoe kan ons voorkom dat ons verstik word deur die onkruid en dorings wat Jesus genoem het?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Die saad wat tussen die dorings val, blyk uiteindelik onvrugbaar te wees. Hierdie mense kan hul geloof

beoefen en langer in die Christelike kringe of aktiwiteite voortgaan as die mense van die tweede soort grond, maar op die ou einde oorwin die bekommernisse van hierdie lewe en die bedrieglikheid van rykdom, hul belangstelling in die Een wat mense oproep om Hom te dien.

Hoe kan ons hierdie gesindheid in ons eie lewens vermy en dit in ander se lewens ontmoedig?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

**SLOTOPMERKINGS:**

Lewensbedreigend en lewensgenot. Dink baie goed oor die twee woorde. Dit is die twee teenoorgesteldes van ons alledaagse bestaan.

Lewensbedreigend verwys na die dinge waarvoor ons bang is - die dinge waaraan ons baie tyd en energie spandeer om te voorkom dat dit met ons gebeur. Ons lewens raak so gefokus op die dinge wat ons wil voorkom, op die bekommernisse wat ons het, dat ons ons volle vertroue in God verloor.

Ons jaag dikwels na plesier en rykdom omdat ons dink dat dit vir ons vreugde en geluk – Lewensgenot - sal besorg. Ons vergeet dat ware vreugde en geluk in Christus gevind kan word en ons laai ons programme so vol met allerhande aktiwiteite wat op ontspanning en plesier gerig is, dat ons nie meer tyd het om 'n intieme verhouding met die Vader te beleef nie.

Ons is almal in sonde gebore en die neiging tot die bose kan ons maklik verstrik. Materiële rykdom en besittings kan maklik lei tot 'n valse gevoel van selfvoorsiening, veiligheid en welstand, wat dit buitengewoon moeilik maak om oor te gee en Jesus te volg.

**GEBED:**

Is jy deel van die grond wat vol dorings is? Kan jy die dorings in jou grond herken wat voorkom dat die sade ontkiem en vrug dra?

Praat met Vader oor jou geloof.

Vra Hom om jou die “dorings” te wys wat jou verstik en voorkom dat jy vrug dra.

Vra Vader om jou te help om die onkruid en dorings in jou lewe uit te roei.

# GROEPBESPREKING

## Gebed

## Geheuevers:

*Daardie mense by wie tussen die dorings gesaai is, is hulle wat die boodskap hoor, maar die bekommernis van hierdie lewe en die verleidelikheid van die rykdom verstik die boodskap en dit bly sonder vrug.*

*Matteus 13:22*

## Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

## Skriflesing:

Matteus 13:5-9; 23, Markus 4:18-19, Lukas 8:11-15

## Besprekingsvrae

Vers 22 beskryf die derde grondsoort. Hoe sal jy dit in jou eie woorde beskryf?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Watter voorbeelde het jy gesien van mense wat so op die Woord reageer? Bespreek 'n paar voorbeelde.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Deel met mekaar oor 'n tyd (of tye) toe jy meer op rykdom en materiële of verhoudingsvraagstukke gefokus het as die uitwerking van die Woord in jou lewe en dat dit jou onvrugbaar gemaak het.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Hoe kan ons vermy dat ons verstik word deur die onkruid en dorings wat Jesus noem?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

## Toepassing van die teks

Moedig mekaar aan om die teks wat ons bestudeer het in ons lewens toe te pas. Deel en bespreek die volgende persoonlike vrae met mekaar:

Dink jy dit is moontlik om alle dorings uit die grond van jou hart te ontwortel? Bespreek hoe dit gedoen kan word.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Hoe kan ons mekaar help om die dorings te ontwortel en die grond voor te berei vir saad en groei?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

**Sluit af met gebed**

Groeiende Geloof

Week 4

# God se Woord op Goeie Grond

**Geheuevers:**

*Hulle by wie op die goeie grond gesaai is, is dié wat die boodskap hoor en verstaan. Hulle dra vrug en bring 'n oorvloedige oes voort: 100 of 60 of 30 maal soveel as wat oorspronklik gesaai is.*

*Matteus 13:23*

Saam in Christus

DeoGloria Leeming

# PERSOONLIKE STUDIE

**Lees Matteus 13:5-9; 23 en Lukas 8:11-15**

**INLEIDENDE OPMERKINGS:**

Die vierde grondsoort is die goeie grond. Dit verwys na iemand wat die Woord van God hoor en dit verstaan en 'n oes produseer.

Om die Woord te hoor en te verstaan, verg meer as net luister. Dit beteken dat jy die Woord van God hoor, dit ter harte neem en toepas in jou lewe.

**STUDIE VRAE:**

Watter soort persoon beskryf die vierde tipe grond in vers 23?

__________________________________________

__________________________________________

Watter woord is die deurslaggewende verskil tussen die grond in vers 23 en die drie soorte grond in die ander verse?

__________________________________________

__________________________________________

Dink jy dit is moontlik om te luister en nie regtig te hoor wat gesê word nie? Wie se verantwoordelikheid is dit om seker te maak dat jy verstaan wat jy hoor?

Wat is 'n paar praktiese voorbeelde van hoe ons goeie grond kan word?

Lees Matteus 3:8-10; Lukas 3:8-14 en Openbaring 2:4-5. Watter tipe oes moet die gelowige oplewer?

Lees Jesaja 5:3-7. Wat sê die Here sal met Sy wingerd gebeur as dit nie vrug dra nie?

Lees Matteus 7:16, Romeine 6:22 en Galasiërs 5:22-23. Vrug is die ware toets van verlossing. Watter soort vrug moet in die gelowiges se lewe sigbaar wees?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Dink jy dat hierdie gelykenis van die saaier op gelowiges van toepassing is, of is jy van mening dat dit net op ongelowiges van toepassing is?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

**SLOT OPMERKINGS:**

Gelykenisse kontrasteer gereeld twee of drie slegte voorbeelde met een goeie voorbeeld as klimaks. Hierdie positiewe voorbeeld van die vrugte-oes beteken nie dat alle Christene dieselfde dinge moet doen nie; dit beteken dat alle Christene vrug van waarde moet produseer in ooreenstemming met die Koninkrykprioriteite.

Om te hoor is maklik, maar om die Woord van God te verstaan en daarvolgens te leef, is die groot toets vir ons geloof. Gelowiges sal nooit geestelike groei ervaar as

hulle net luister en luister en nadink oor wat hulle hoor nie. Hulle moet die boodskap toepas, die Woord gehoorsaam en volgens die Woord leef.

Die saad van God se Woord lê nou op die bed van jou hart. Wat sal daarvan word? Sal die voëls dit optel, die son dit uitdroog of die dorings dit verstik?
Of sal dit vrug dra en jou lewenswyse verander?

**GEBED:**
Met watter van die vier soorte grond identifiseer jy meestal? Wat is daar in jou lewe wat jou daarvan weerhou om goeie grond te wees?

Praat met Vader oor jou geloof.
Vra Hom om jou te wys wat jy moet verander om Sy Woord te kan hoor en verstaan.
Vra Vader om jou te help om goeie grond te wees, waarin die saad van Sy Woord kan ontkiem en vrug kan dra.
Dank Hom vir die maniere waarop hy jou hart en verstand vir Sy lewensboodskap geopen het. Nooi Hom om voort te gaan om die grond van jou lewe te bewerk en om jou meer ontvanklik te maak vir Sy liefde.

# GROEPBESPREKING

## Gebed

## Geheuevers:

*Hulle by wie op die goeie grond gesaai is, is dié wat die boodskap hoor en verstaan. Hulle dra vrug en bring 'n oorvloedige oes voort: 100 of 60 of 30 maal soveel as wat oorspronklik gesaai is.*

*Matteus 13:23*

## Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

## Skriflesing:

Lees Matteus 13:5-9; 23 en Lukas 8:11-15

## Besprekingsvrae

Vers 23 beskryf die vierde grondsoort. Hoe sal jy dit in jou eie woorde beskryf?

Watter voorbeelde het jy gesien van mense wat so reageer? Bespreek 'n paar voorbeelde.

Dink jy dat hierdie gelykenis van die saaier op gelowiges van toepassing is, of is jy van mening dat dit net op ongelowiges van toepassing is? Bespreek.

## Toepassing van die teks

Moedig mekaar aan om die teks wat ons bestudeer het in ons lewens toe te pas. Deel en bespreek die volgende persoonlike vrae met mekaar:

Dink jy dit is moontlik om te luister en nie regtig te hoor wat gesê word nie? Wie se verantwoordelikheid is dit om seker te maak dat jy verstaan wat jy hoor?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Bespreek maniere waarop ons mekaar kan help om te verseker dat ons almal 'n oes lewer - dat ons almal in ons geloof groei.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

**Sluit af met gebed**

# INLEIDENDE NOTAS OOR 2 PETRUS 1

Terwyl ons die gelykenis van die Saaier bestudeer het, het ons besef dat die gelykenis handel oor die hoorders (grond) en die effek van hul reaksie (vrug) op die Woord van God (gesaaide saad). Jesus vertel die gelykenis nie net ter wille van kennis nie, maar om ons aan die werk te sit. Hy verwag van ons om die onkruid uit te wis en die saad die geleentheid te gee om te ontkiem en vrug te dra. Dit is nie maklik nie, want dit verg opoffering en selfondersoek, en ons moet waaksaam wees om in staat te wees om te groei.

As daar iemand in die vroeë kerk was wat geweet het hoe belangrik dit is om waaksaam te wees, dan was dit die apostel Petrus. Hy het in sy vroeë jare die neiging gehad om te selfversekerd te voel toe die gevaar naby was en om die waarskuwings van die Meester oor die hoof te sien. Hy het voortgestorm toe hy moes wag; hy het geslaap toe hy moes bid; hy het gepraat toe hy moes luister. Hy was 'n moedige, maar onverskillige Christen. Maar hy het sy les geleer, en hy wil ons ook help om dit te leer.

In sy tweede brief val Petrus se klem op die kennis van God. Die woord ken of kennis word minstens dertien keer in hierdie kort brief gebruik. Die woord beteken nie bloot 'n intellektuele begrip van die een of ander waarheid nie, alhoewel dit ingesluit is. Dit beteken 'n lewende deelname aan die waarheid, in die sin waarin ons Here dit in Johannes 17:3 gebruik het: *En die inhoud van die ewige lewe is dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus wat U gestuur het.*

God wil hê dat ons in geloof moet groei en Hy voorsien alles wat ons nodig het om te groei. Ons hoef dit nie op ons eie te doen nie, God gee ons die krag.

Maar sulke groei of produktiwiteit moet sigbaar word en deel wees van jou alledaagse lewe. Ons volgende drie studies uit 2 Petrus 1:1-11 leer ons hoe om in heiligheid te groei deur God se krag.

Groeiende Geloof

Week 5

# Goddelike krag om Goddelike lewens te leef

**Geheuevers:**

*Deurdat ons Hom regtig ken, het sy Goddelike krag ons alles laat kry wat ons nodig het om naby aan Hom te lewe. Hy het ons geroep om sy heerlikheid en goedheid te ontvang!*

2 Petrus 1:3

Saam in Christus

DeoGloria Leeming

# PERSOONLIKE STUDIE

**Lees 2 Petrus 1:1-4; Filippense 3:8 en 1 Tessalonisense 2:11-12**

**INLEIDENDE OPMERKINGS:**

Uit die gelykenis van die saaier het ons geleer dat ons moet toesien dat ons die onkruid uitroei en die saad van die Woord van God die geleentheid moet gee om te ontkiem en vrug te dra. Maar dit beteken nie dat ons dit op ons eie en deur ons eie krag moet doen nie, want dan is ons gedoem tot mislukking.

God het gelowiges alles gegee wat hulle nodig het om geestelik volwasse te word, en daarom moet hulle aktief geestelike volwassenheid nastreef.

**STUDIE VRAE:**

Hoe moet *genade* en *vrede* in ons lewens vermenigvuldig word? (Verwys na 2 Petrus 1:2 en Filippense 3:8)

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Wat is aan elke Christen gegee? Waarom word dit aan ons gegee? (Verwys na 2 Petrus 1:3 en 1 Tessalonisense 2:12)

___

___

Hoe sou jy die betekenis van *goddelike krag* in jou eie woorde verduidelik?

___

___

Hoe verklaar die Bybel goddelike krag volgens Efesiërs 1: 19-22?

___

___

Petrus beklemtoon die belangrikheid daarvan om die waardes van God se koninkryk uit te leef. Daarom herinner hy sy lesers daaraan dat God kragtig aan die werk is om hulle in staat te stel om so 'n lewe te lei.

God se beloftes is wonderlik. Watter kosbare beloftes het God aan elke gelowige gegee? (Verwys na 2 Petrus 1:4 en 2 Korintiërs 7:1)

___

___

Wat is die doel van hierdie beloftes? (Verwys na Efesiërs 4:24 en Hebreërs 12:10)

________________________________________________
________________________________________________
________________________________________________

Wat is die *goddelike aard*? (Verwys na Kolossense 3:10)

________________________________________________
________________________________________________
________________________________________________

Hoe kan gelowiges deel in die *goddelike aard*?

________________________________________________
________________________________________________
________________________________________________

Stem jy saam dat gelowiges alles het wat hulle nodig het om 'n goddelike lewe te lei? Verduidelik.

________________________________________________
________________________________________________
________________________________________________

**SLOT OPMERKINGS:**

Petrus wil hê dat gelowiges moet weet dat hulle die erfgename is van 'n skat van onskatbare waarde. Daar is

egter een voorwaarde vir die erfenis en dit is geloof in Jesus Christus.

God voorsien alles wat ons nodig het om te leef en Hom met ons lewens te dien. Besef jy dat dit wat jy op hierdie manier ontvang meer is as wat jou verstand kan begryp? Al die heerlikheid en krag van God is tot jou beskikking.

God deel nie net sekere inligting met jou nie, maar Hy deel Homself ook met jou. Hy wil hê dat jy moet deel hê aan Sy natuur, om soos Hy te word.

Dink aan God se krag, Sy liefde, Sy heerlikheid, Sy almag, Sy wysheid, Sy geregtigheid en goedheid. Deur God te ken en te volg, het jy reeds hieraan begin deelneem.

**GEBED:**

Is jy bewus van die goddelike beloftes wat God jou gegee het? Leef jy deur Sy goddelike krag?

Praat met Vader oor jou geloof.
Vra Hom om jou te leer om deur Sy krag en genade te leef.
Vra Vader om vir jou te wys hoe jy meer en meer soos Hy kan word. Dank Hom vir die maniere waarop hy jou hart en verstand vir Sy boodskap van lewe geopen het.

# GROEPBESPREKING

## Gebed

## Geheuevers:

*Deurdat ons Hom regtig ken, het sy Goddelike krag ons alles laat kry wat ons nodig het om naby aan Hom te lewe. Hy het ons geroep om sy heerlikheid en goedheid te ontvang!*

*2 Petrus 1:3*

## Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

## Skriflesing:

2 Petrus 1:1-4, Filippense 3:8; 1 Tessalonisense 2:12 en Kolossense 3:10

## Besprekingsvrae

Bespreek die betekenis van *goddelike krag*? Wat beteken dit in die lewe van die gelowige?

Wat is die *goddelike aard*? (Verwys na Kolossense 3:10)

Waarom sê Petrus dat 'n gelowige alles het wat hy nodig het om 'n goddelike lewe te lei? Wat is daardie dinge?

## Toepassing van die teks

Moedig mekaar aan om die teks wat ons bestudeer het in ons lewens toe te pas. Deel en bespreek die volgende persoonlike vrae met mekaar:

Wat sou jy vir 'n belydende Christen sê wat sê dat hy of sy nie die mag het om 'n godvrugtige lewe te lei nie?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Wat is 'n paar verskonings wat jy self gemaak het of by ander gehoor het, om nie 'n goddelike lewe te lei nie? Is dit geldige verskonings?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

**Sluit af met gebed**

Groeiende Geloof

## Week 6

# ‘n Oproep tot Godsvrug

**Geheuevers:**

*En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk……*

*2 Petrus 1:5(a)*

Saam in Christus

DeoGloria Leeming

# PERSOONLIKE STUDIE

**Lees 2 Petrus 1:5-7**

**INLEIDENDE OPMERKINGS:**

Die karakter van 'n Christen begin wanneer hy op God vertrou. Die Bybel noem dit ‘geloof'. Jesus het Christene alles gegee wat hulle nodig het. Maar hulle is verantwoordelik om te gebruik wat Hy aan hulle gegee het. Daarom het God vir ons kosbare beloftes gegee volgens vers 4.

Christene moet hard werk om op die regte manier op te tree. Dit sal baie tyd en baie moeite verg, maar Sy beloftes lei ons en moedig ons aan om soos Christus te leef.

Petrus noem sewe karaktereienskappe. Christene werk nie aan een eienskap op 'n slag nie. In plaas daarvan moet Christene al die eienskappe ontwikkel en aanhou vermeerder. Al die eienskappe sluit trapsgewys by mekaar aan. Die struktuur van hierdie gedeelte was 'n algemene literêre manier om die items te beklemtoon, maar nie die volgorde waarin die items gelys is nie.

**STUDIE VRAE:**

Lees 1 Petrus 1:5(a). Watter betekenis het die voorveronderstelling, *om hierdie rede*, vir die res wat volg?

________________________________________________

________________________________________________

In verse 5 tot 7 word daar verskillende stappe gegee. Skryf die stappe neer in die onderstaande spasie:

*…Doen alles moontlik om julle …………………………….*

*t*e verryk met ………………………………………..;

die ………………..…………met, ……………..……..……..;

die ………………..…………met, ……………..……..……..;

die ………………..…………met, ……………..……..……..;

die ………………..…………met, ……………..……..……..;

die ………………..…………met, ……………..……..……..;

die ………………..…………met, ……………..……..………

Lees Galasiërs 5:22-25. Op watter manier hou die eienskappe in 2 Petrus 1:5-7 verband met die vrug van die Gees wat in Galasiërs gegee word?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Hoe sou jy die volgende eienskappe in jou eie woorde verduidelik? Verwys na die teksverwysings om jou te help om die betekenis van die eienskappe te verstaan.

| | |
|---|---|
| Deugsaamheid<br>*(Morele deug)*<br>*Matteus 22:26-38* | |
| Kennis<br>*Hebreërs 5:14* | |
| Selfbeheersing<br>*Jakobus 4:7* | |
| Volharding<br>*2 Timoteus 2:3* | |
| Godsvrug<br>*Jakobus 4:10* | |

| | |
|---|---|
| Broederliefde<br>*Johannes 15:17* | |
| Liefde<br>*1 Korintiërs 13 en Kolossense 3:14* | |

**SLOT OPMERKINGS:**

Geloof, die fundamentele gawe van die gelowige, en liefde, die finale kwaliteit, is die deugde wat die res bymekaar hou.

Die eienskappe wat Petrus in hierdie drie verse noem, is nie ekstras nie, maar is die manier waarop jou geloof tot volwassenheid sal kom.

Petrus se stappe van geloofsverryking begin met 'n persoonlike verhouding met God en eindig waar jy uiteindelik toegerus is om die liefde van God in die wêreld sigbaar te maak.

In die proses het jy God se goddelike krag en die grootste gawes ontvang en aan die erfenis van die Goddelike natuur van God begin deelneem.

**GEBED:**

Neem tyd om weer die lys van eienskappe in verse 5-7 deur te lees.

Praat met Vader oor jou geloof.
Vra Hom om jou te leer om in jou geloof te groei en dat jy hierdie eienskappe in jou lewe sal toon.
Vra Vader om vir jou te wys hoe jy meer en meer soos Hy kan word en 'n Goddelike lewe kan lei.

# GROEPBESPREKING

## Gebed

## Geheuevers:

*En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk………..*

*2 Petrus 1:5(a)*

## Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

## Skriflesing:

2 Petrus 1:5-7 en Galasiërs 5:22-27

## Besprekingsvrae

Bespreek die lys van eienskappe van 'n gelowige soos beskryf in 2 Petrus 1:5-7. Hoe sou jy hierdie eienskappe verduidelik aan iemand wat nie die Here ken nie?

Hoe dink jy stem hierdie eienskappe ooreen met die vrug van die Gees soos ons dit in Galasiërs 5:22-25 vind?

Kan 'n Christen wat in godsaligheid groei aan een van hierdie karaktereienskappe ontbreek? Bespreek.

## Toepassing van die teks

Moedig mekaar aan om die teks wat ons bestudeer het in ons lewens toe te pas. Deel en bespreek die volgende persoonlike vrae met mekaar:

Beskik jy oor al hierdie eienskappe van 'n goddelike lewe? Aan watter eienskap(pe) dink jy moet jy ook meer aandag skenk?

Wat is die redes waarom jy nie al hierdie eienskappe in jou lewe openbaar nie?

**Sluit af met gebed**

Groeiende Geloof

**Week 7**

# Die resultaat van Godsvrug

**Geheuevers:**

*Hoe meer julle op hierdie wyse groei, hoe meer sal die feit dat julle ons Here Jesus Christus ken, veroorsaak dat julle nie nutteloos en geestelik onproduktief is nie.*

*2 Petrus 1:8*

Saam in Christus

DeoGloria
Leeming

# PERSOONLIKE STUDIE

**Lees 2 Petrus 1:8-11**

**INLEIDENDE OPMERKINGS:**

Die eintlike vraagstuk is nie of Christene die deugde besit wat in verse 5 tot 7 genoem word nie, maar of hulle voortdurend daarin groei. Christene moet hierdie eienskappe ontwikkel, dan sal hulle Jesus beter ken. Hulle sal aktief en nuttig wees vir God. Hulle sal ook volwasse Christene word.

Let wel: 'n Persoon word nie 'n Christen omdat hy hard werk nie. Iemand word nie 'n Christen net omdat hy op die regte manier optree nie. Dit is nie wat Petrus geleer het nie. Eerstens moet 'n persoon bely dat hy gesondig het. Dan glo en vertrou dat God se Seun, Jesus, sy Verlosser is. Wanneer iemand 'n Christen word, wil hy God behaag. Sy goeie eienskappe is die bewys dat hy 'n Christen is. En daarom is geestelike volwassenheid nie opsioneel vir Christene nie.

**STUDIE VRAE:**

Watter voorwaardes is nodig om vir die Here vrug te dra? (Verwys na vers 8 en 10b sowel as Johannes 15:2 en Titus 3:14)

Op watter drie maniere beskryf Petrus die mense wat nie hierdie eienskappe het nie? (Verwys na vers 9 sowel as 1 Johannes 2:11)

Is dit moontlik vir 'n gelowige om nie te struikel nie? Wat is nodig om geestelike te groei en vrug te dra? (Verwys na vers 10 en 2 Petrus 3:17)

Het jy al ooit in jou geloofsreis gestruikel? Wat het gebeur?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Wat is die gevolg van die gelowiges wat hierdie deugde beoefen? (Verwys na vers 11)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

**SLOT OPMERKINGS:**

Geestelike groei is 'n eindelose proses, waarin elke aspek van jou geestelike groei jou in staat stel om Jesus beter te leer ken en meer en meer in Sy Goddelike natuur te deel. Dit bied jou 'n visie van geloof en jy sal uitsien na die wederkoms van Jesus en nie meer bang wees om te sterf nie.

Petrus roep jou op om jou oë oop te maak - om die groot potensiaal van geloof raak te sien. Jy word uitgenooi om in die seëninge van die toekomstige lewe te deel.

Vir gelowiges is geestelike groei en geestelike volwassenheid verpligtend. Ons moet vrug dra wat by die bekering pas.

**GEBED:**

Neem tyd om jou geestelike groei te evalueer. Is dit 'n voortdurende proses, of ontbreek jy groei?

Praat met Vader oor jou geestelike groei. Vra Hom om jou te help om die areas te identifiseer waarin jy nie vertrou nie.
Vra Hom om jou te help groei - nader aan Hom en nader aan medegelowiges.
Dank God vir Sy liefde en genade, vir sy geduld en dat Hy jou geseën het.

# GROEPBESPREKING

## Gebed

## Geheuevers:

*Hoe meer julle op hierdie wyse groei, hoe meer sal die feit dat julle ons Here Jesus Christus ken, veroorsaak dat julle nie nutteloos en geestelik onproduktief is nie.*

*2 Petrus 1:8*

## Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

## Skriflesing:

2 Petrus 1:8-11

## Besprekingsvrae

Watter twee voorwaardes is nodig om vir die Here vrug te dra? (Verwys na vers 8 sowel as Johannes 15:2 en Titus 3:14)

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Dit is moontlik vir ‘n godvrugtige gelowige van God om nie te struikel nie. Bespreek wat nodig is om in godsvrug te groei. (Verwys na vers 10 en 2 Petrus 3:17)

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Wat is die gevolg van die gelowiges wat hierdie deugde beoefen? (Verwys na vers 11)

________________________________________

________________________________________

________________________________________

## Toepassing van die teks

Moedig mekaar aan om die teks wat ons bestudeer het in ons lewens toe te pas. Deel en bespreek die volgende persoonlike vrae met mekaar:

Baie gelowiges dink dat dit onmoontlik is om in geloof te wandel sonder om te val. Hoe sou jy hulle antwoord op grond van hierdie gedeelte?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Hoe belangrik dink jy is dit om ywerig te wees oor die manier waarop jy leef? Hoe kan ons mekaar help?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

**Sluit af met gebed**

# GEHEUEVERSE

**WEEK1:**

Hulle by wie die saad op die voetpad gesaai is, is elkeen wat die boodskap van God se koningsheerskappy hoor, maar dit nie begryp nie. Die Bose kom en roof wat in hulle harte gesaai is.

Matteus 13:19 (NLV)

**WEEK 2:**

Hulle by wie op klipperige grond gesaai is, is die mense wat die boodskap hoor en dit dadelik met blydskap aanneem. Maar hulle wortels gaan nie diep nie en hulle hou net vir ‘n rukkie. Sodra daar swaarkry of vervolging ter wille van die boodskap kom, struikel hulle in hulle geloof.

Matteus 13:20-21 (NLV)

**WEEK 3:**

Daardie mense by wie tussen die dorings gesaai is, is hulle wat die boodskap hoor, maar die bekommernis van hierdie lewe en die verleidelikheid van die rykdom verstik die boodskap en dit bly sonder vrug.

Matteus 13:22 (NLV)

**WEEK 4:**

Hulle by wie op die goeie grond gesaai is, is dié wat die boodskap hoor en verstaan. Hulle dra vrug en bring ‘n oorvloedige oes voort: 100 of 60 of 30 maal soveel as wat oorspronklik gesaai is.

Matteus 13:23 (NLV)

**WEEK 5:**

Deurdat ons Hom regtig ken, het sy Goddelike krag ons alles laat kry wat ons nodig het om naby aan Hom te lewe. Hy het ons geroep om sy heerlikheid en goedheid te ontvang!

2 Petrus 1:3 (NLV)

**WEEK 6:**

En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk…

2 Petrus 1:5(a) (NLV)

**WEEK 7:**

Hoe meer julle op hierdie wyse groei, hoe meer sal die feit dat julle ons Here Jesus Christus ken, veroorsaak dat julle nie nutteloos en geestelik onproduktief is nie.

2 Petrus 1:8 (NLV)

# BRONNE

Cilliers, Johan. *Korrels van die Koninkryk*. JL van Schaik. 1998

Groenewald, E.P. *In gelykenisse het Hy geleer*. NG Kerk Uitgewers. 1979

Smit, Johan. *Jesus se raaisel-stories.* Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereniging. 2010

Thielicke, Helmut. *God se Prenteboek*. Tafelberg Uitgewers, DeWaal Straat, Kaapstad. 1978

White, John. *Parables The Greatest Stories Ever Told*. InverVarsity Press, Downers Grove, Illinois. 1999

https://www.preceptaustin.org

https://www.blueletterbible.org

http://www.gty.org

*Logos Library:*

- Warren Wiersbe – Bible Exposition Commentary
- Die Bybellennium Eenvolumekommentaar – Christelike Uitgewersmaatskappy, 1999

**DeoGloria**

Family of Churches

**2021**